

6 September

Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:18-33

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 13

Die grense van ons verstand

Dat God voorsien is nie 'n uitnodiging om roekeloos te lewe nie. God voorsien mos ook gesonde verstand, en jy moet dit gebruik! Deur die verstand het daar deur die eeue ongelooflike ontdekkings en vooruitgang gekom. Die verstand is dus 'n lieflike perd om te ry, maar onthou dat die teuels stewig in die hande van geloof moet bly. Die rede is dat die verstand ook sy grense het. Daar kom tye wanneer ons sê dat ons gedagtes vasdraai (vers 20). Hoe ek ook nadink, 'n logiese verklaring en oplossing is net nie voor hande nie.

In ons Skrifgedeelte én in Artikel 13 word die punt bereik wanneer die mens probeer verstaan hoe God die kwaad bestuur. Die tipiese vraag is dan: As God dan goed is, hoe kan Hy so-iets toelaat? Vir die inwoners van Jerusalem was dit onverklaarbaar dat God sy eie stad laat inneem, sy eie tempel laat onheilig en sy eie volk laat doodmaak en aan ballingskap oorgee. Die vreeslike geweld en verwoesting was vir hulle 'n geweldige skok. Hoe meer hulle met hulle verstand daaruit wou sin maak, hoe meer het "gal en gif" (verbittering) deel van hulle geestelike mondering geword (vers 19).

Jy moet sulke verbittering vermy (Heb 12:15). Aanvaar dat wat God doen en toelaat dikwels ver bo die insig en vermoë van jou verstand is. Sy liefde gaan ons verstand TE BOWE (Ef 3:19). In watter mens se verstand sou dit immer kon opkom dat God se eie Seun vir jǒu sondes moet sterf?

Al kom daar dus onbegryplike dae van wag (vers 25), las dra (vers 27), eensaamheid (vers 28) en wang draai (vers 30); van God se liefde sal jy nie geskei wees nie – al beweer jou verstand ook anders!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~